Beste Dehlia,

Graag skryf ons aan jou om hartlik dankie te se vir die moeite met ons trou DVD sover. Soos enige bekwame fotograaf was jy die hele tyd aanwesig sonder om in die pad te wees en het jou rustighied deur die hele proses ons ook gehelp om te ontspan. Jy is voorwaar die een persoon wat koelkop was deur die verrigtinge en dit was net ‘n plesier om jou persoonlik en professioneel betrokke te he by ons huwelik.

Die feit dat jy en Mario ook so goed saam gewerk het, het dinge ook baie vir ons vergemaklik en om net een keer per foto/dvd skoot te smile het veral gehelp met wange wat al klaar moeg “gesmile” was!

Jou benadering en werk was beter as wat ons dit ooit kon voorstel en ons sien baie uit na die eind-produk. Ons het al klaar baie van die gebeure vergeet en dit sal wonderlik wees om als weer te kan beleef soos wat jy dit gesien het. Ons kon die “movie” van ons huwelik nie in ‘n meer vriendelike, deeglike of beleefde mens se hande gelaat het nie. Nou is al wat oorbly die fun van: “lights, camera, action”.

Vriendelike groete,

Theo en Hannelie Bezuidenhout